Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

23 Januarie 2026 Uitgawe: 2/1/2026

# UIT DIE KANTOOR

Na die besige week glo ek elke ouer en kind is amper weer in hul roetine en sien uit na die naweek wat voorlê. Die sport is reeds voluit aan die gang met die krieketligas wat volgende week afskop. Kooroudisies is byna afgehandel en die Voortrekkers skop eerkomende week hul jaar af met 'n heerlike Waatlemoenfees by die swembad.

**Oueraand:**

Baie dankie aan al die ouers wat Maandag- en Dinsdagaand se ouerinligtingsaand bygewoon het. So aan die begin van die jaar is daar baie inligting wat gekommunikeer moet word en soms kan mens nie altyd alles onthou nie. Daarom nooi ek u uit indien daar enige onduidelikheid of onsekerheid bestaan, dat u die klasonderwysers sal kontak. Ek verwys u ook weer na die laaste bladsy van die tafelkalender (wat vandag uitgedeel is) waarin u die kontakbesonderhede van ons onderskeie komitees sal vind.

Die voorgestelde toelatingsbeleid en taalbeleid, asook gedragskode vir leerders is via die "*community*"-groep versprei vir insae. Ouers is meer as welkom om per epos enige voorstelle vir aanpassing of insluitings in die beleide teen Vrydag 30 Januarie na my te stuur vir oorweging. Indien daar geen terugvoer is nie, aanvaar ons dat ouers tevrede is met die beleide en sal dit weldra op die skool se webblad aangebring word.

**Atletiek:**

Dankie aan die ouers wat saam met die onderwysers Woensdag se hitte aangedurf het by ons jaarlikse kleure atletiekbyeenkoms by Pelliespark te UV. Afgesien van die hitte was dit 'n heerlike dag. Baie dankie aan mnr. Simon Nieuwoudt wat aan die stuur van sake was. Baie geluk aan Izé Coetzee wat 'n rekord opgestel het. Ons is trots op jou. Sien uitslae hierby aangeheg.

Ons Gr.1-leerders het vandag hul atletiek gehad. Dankie vir die nuwe mammas en pappas wat hul kinders kom ondersteun het. Ons is opgewonde oor die nuwe talent.

**Belangrik om te onthou:**

Eerskomende Sondagoggend, 25 Januarie om 9:00, vind ons jaarlikse Tjokkie Kerkdiens by die Universitas Geloofsentrum plaas. Graag nooi ons alle Tjokkies en hul ouers om hierdie spesiale geleentheid by te woon. Ons versoek ook dat leerders hul skooldrag sal aantrek. Skoene is opsioneel.

Op Woensdag, 28 Januarie, om 18:00 vind ons algemene sportvergadering plaas, soos tydens die oueraande deurgegee. Die volgende sportkodes sal hanteer word:

- Hokkie
- Netbal
- Rugby
- Krieket

Ander algemene reëlings rakende vervoer en gedragskodes sal ook hanteer word.

## ANDER

Namens die leerders, personeel en al die ouers wens ons Mnr. Ruan Strydom (Gr. 5) baie geluk en seën toe met sy huwelik Saterdag met Suné Smit.


Dis met groot hartseer dat ons aankondig dat Juf. Marietjie Barkhuizen na 37 in die onderwys en 24 jaar by Tjokkies aan die einde van Januarie aftree. Ons bedank haar vir haar jarelange getroue diens aan die onderwys. Ons wens haar net die beste toe vir die toekoms.

Ons bedank ook vir Mev. Annerie Strydom wat vir twee weke kom aflos het by Gr. 5 Afrikaans. Mev. Annalene Venter is in haar plek aangestel en sal vanaf 2 Februarie op haar pos wees.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 23 Jan.: | Snr Kooroudisies |
| 25 Jan.: | Tjokkie Kerkdiens (Universitas Geloofsentrum) |
| 26 Jan.: | o/9 Krieketliga |
| 27 Jan.: | Voortrekker Waatlemoenfees |
| | Voortrekker Kommando-bestuursvergadering |
| 28 Jan.: | Gr.1 ASB-toetse |
| | o/11 Krieketliga |
| | Sportinligtingsvergadering |
| 29 Jan.: | o/13 Krieketliga |
| | Veiligheidsvergadering |
| 30 Jan.: | Tjokkies Kleurgala |
| | Gr. 4-7 Redenaarsopleiding |

# VERJAARSDAE



26 Jan.: Marietjie Bartkhuizen

Miriam Masakala (Algemene werker)

# KLEUTERSKOOL




DANNi DiNOCORN
Bly Kalm
"Danni Dinocorn Bly Kalm" is 'n speelse , 7-week groepprogram waar kinders kan leer hoe om angs met selfvertroue te hanteer
Hoekom Is Ouers Lief Vir Danni Dinocorn
☑Ontwerp en aangebied deur sielkundiges
☑Kleurvolle werksboek en materiaal
☑Praktiese hanteringsvaardighede
Wanneer : 4 Feb (6-9 jr) / 6 Feb (10-13 jr)
• Woensdae (kinders 6-9 jr) 15:00-16:00
• Vrydae (kinders 10-13 jr) 14:15-15:15
Waar
Innes Rylaan 26, Waverley, Bloemfontein
Skryf Nou In
Het jy geweet
Angs is die mees algemeenste uitdaging waarmee kinders vandag worstel. Na raming affekteer dit 1 uit elke 12 kinders.
7 sessies @ R2400
Werkboek & animasie videos
Lucie Grové
Kliniese Sielkundige
BA. Hons (Sielkunde), NWU
M.A. (Kliniese Sielkunde), UFS
Jemona Taylor
Voorligting Sielkundige
B.Sc. Hons (Sielkunde), US
M.Sc. (Voorligting Sielkunde), UFS
+27 (0)82 094 6078
info@dannidinocorn.com
facebook @Dannidinocorn
www.dannidinocorn.com